HOËRSKOOL RANDBURG
AKADEMIE • SPORT • KULTUUR

SPESIFIEKE OUEROMSENDBRIEF NOMMER 5 VAN 2012

24 Januarie 2012

Beste Koorouer

Ons staan weer aan die begin van 'n opwindende nuwe jaar met vele uitdagings, geleenthede en moontlikhede. Mag dit vir ons almal 'n goeie en geseënde jaar wees!

Na 'n baie lekker en suksesvolle koorkamp einde verlede jaar, begin ons kooraktiwiteite weer eerskomende **Dinsdag, 24 Januarie** om **17:30** met ons eerste kooroefening. Almal word vriendelik versoek om teenwoordig te wees. Ons herinner almal weer aan die R1 donasie vir Angie se kleuterskoolgelde.

Neem asseblief kennis van die volgende belangrike sake:

KOORDRAG

Koorlede wat nuwe koordrag bestel het se koordraggelde moet asseblief teen **Dinsdag, 31 Januarie** betaal word. Bewys van betaling moet by me. Elsa du Toit ingehandig word. Dit kan tydens kooroefeninge gedoen word. Die koordrag is in die proses om gemaak te word en behoort teen middel Februarie beskikbaar te wees.

KOORTOER

Die **Koortoervorms** moet asseblief *(volledig ingevul)*, saam met die deposito van R500 *(of bewys van betaling),* vóór **Dinsdag, 31 Januarie** by me.Elsa du Toit ingehandig word. Dit kan ook tydens kooroefeninge gedoen word. Ons wil koorlede aanmoedig om so gou as moontlik aan die werk te spring met borgvorms en die insameling van fondse vir hulle koortoer. Geen leerder sal toegelaat word om die toer mee te maak indien skoolgelde nie tot op datum betaal is nie.

OUDISIES VIR ONS DEBUUTKONSERT

Ons wil graag hierdie jaar met ons Debuutkonsert, op **Saterdag, 17 Maart** vir so 8 koorlede die geleentheid gee om saam met 'n professionele "live band" op te tree. Die band-leier, Hennie Maritz, sal die betrokke koorlede ook mentor en vir die optrede voorberei. Uiteraard maak ons vanjaar dus net voorsiening vir musiek- en sangitems (nie dans of drama nie).

- Enige koorlid mag vir 'n oudisie kom.
- Koorlede mag ook in groepe deelneem (bv duet, trio, ens).
- Koorlede moet tydens die oudisie die item lewer wat hulle voorberei het. Dit kan onbegeleid, met begeleiding, of met 'n "back track" gedoen word.
- Die oudisies vind op **Donderdagmiddag, 9 Februarie** vanaf 14:05 in die ouditorium plaas. Dit is die enigste geleentheid vir oudisies.
- Besonderhede van deelnemers moet teen **Dinsdagaand, 7 Februrie,** tydens kooroefening op die oudisielys aangebring word.

DEBUUTKONSERT

Ons jaarlikse Debuutkonsert vind op **Saterdag, 17 Maart** plaas. Dit neem vanjaar 'n splinternuwe en opwindende vorm aan – **KKKnK *(Kies, Kou, Kuier & Koor).*** Elke koorouer se bydrae is belangrik en jou koorkomiteelid sal jou binne die volgende week skakel om die reëlings te finaliseer.

Datum : Saterdag, 17 Maart
Plek : Hoërskool Randburg
Tyd : 18:30 – *(Ete en Kuier)* 20:00 – *(Konsert)*
Kaartjies : R80 – *dit sluit die ete en wyn in.*

Ons versoek asseblief dat ***elke*** koorlid ten minste 2 - 4 kaartjies vir hierdie konsert sal verkoop. Plekbesprekings kan vanaf Dinsdag, 7 Februarie tydens kooroefeninge by die skool gedoen word.

NIGHT OF LIGHT

Ons is deur die bekende sanger Joe Niemand genooi om as deel van 'n massakoor van 500 stemme aan sy konsert en lewendige DVD opname, ***Night of Light***, deel te neem. Dit vind op Dinsdag, 20 Maart in die CocaCola Dome plaas. Hulle verwag sowat 30 000 jongmense by hierdie geleentheid. Die voorlopige reëlings is soos volg:

Aktiwiteit	Datum en Tyd	Plek
CD-opname saam met Joe Niemand	Donderdagaand, 8 Maart	LO Saal
Repetisie met Joe, die live band en die simfonieorkes	Dinsdag, 20 Maart – 10:00 tot 18:00	CocaCola Dome
Night of Light Konsert & DVD-opname	Dinsdag 20, Maart – 20:00 tot 22:00	CocaCola Dome

Koordrag: Koorlede dra swart of blou jeans met 'n **grys** top *(T-hemp óf hemp óf bloes)*

GHOLFDAG

Ons Gholfdag, wat op **Woensdag, 28 Maart** by **Jackal Creek** plaasvind, is die koor se spesiale fondsinsameling vir ons koortoer. Hoe meer fondse ons kan insamel, hoe goedkoper kan ons die toergelde maak. Ons doen 'n vriendelike beroep op alle koorouers om ons te help met borgskappe, pryse, deelname en bemarking van die Gholfdag by vriende, familie en kollegas. Dis vir ons baie belangrik om van hierdie fondsinsameling 'n groot sukses te maak. Aangeheg is 'n brosjure met al die besonderhede.

BESOEKE AAN MES

Ons beplan vanjaar 7 besoeke aan MES (Die Roly Poly Creche, waar Angie ook is), waartydens koorlede blootstelling sal kry aan hierdie gemeenskapsprojek waarby die Koor betrokke is. Die besoeke vind op vasgestelde datums in die middae plaas. Ons verwag vanjaar dat elke koorlid ten minste een van hierdie besoeke sal meemaak. Koorlede kan reeds vanaf eerskomende Dinsdag, tydens kooroefening, hulle name by die onderskeie besoeke invul.

JAARPROGRAM 2012

EERSTE KWARTAAL

DAG	DATUM	AKTIWITEIT	PLEK
Dinsdag	24 Januarie	Kooroefening	Ouditorium
Dinsdag	31 Januarie	Kooroefening	Ouditorium
Dinsdag	7 Februarie	Kooroefening	Ouditorium
Donderdag	9 Februarie	Oudisies vir die Debuutkonsert	Ouditorium
Dinsdag	14 Februarie	Kooroefening	Ouditorium
Dinsdag	21 Februarie	Kooroefening	Ouditorium
Dinsdag	28 Februarie	Kooroefening	Ouditorium
Dinsdag	6 Maart	Kooroefening	Ouditorium
Donderdag	8 Maart	CD-opnames saam met Joe Niemand	Skoolsaal / LO Saal
Dinsdag	13 Maart	Kooroefening	
Saterdag	17 Maart	**Debuutkonsert:** Kies, Kou, Kuier & Koor	Skoolsaal
Dinsdag	20 Maart	**Night of Light** *met* Joe Niemand	Coca-Cola-Dome
Dinsdag	27 Maart	Kooroefening	Ouditorium
Woensdag	28 Maart	Gholfdag	Jackalcreek

TWEEDE KWARTAAL

Dinsdag	10 April	Kooroefening	Ouditorium
Dinsdag	17 April	Kooroefening	Ouditorium
Dinsdag	24 April	Kooroefening	Ouditorium
Dinsdag	1 Mei	Kooroefening	Ouditorium
Dinsdag	8 Mei	Kooroefening	Ouditorium
Donderdag	10 Mei	**Viva la Musica Koor- en Musiekfees**	Wits Great Hall
Vrydag	11 Mei	**Viva la Musica Koor- en Musiekfees**	Wits Great Hall
Dinsdag	15 Mei	Kooroefening	Ouditorium
Dindsag	22 Mei	Kooroefening	Ouditorium
Vrydag	25 Mei	**ATKV Applous Streekfees**	Hoërskool Randburg
Saterdag	26 Mei	**ATKV Applous Streekfees**	Hoërskool Randburg
Dinsdag	29 Mei	Kooroefening	Ouditorium
Vrydag	1 Junie	**Collegium Musicum Koorfees**	Voortrekker Monument
Dinsdag	5 Junie	Kooroefening	Ouditorium
Vrydag	22 Junie	**Ping, Sing & Sting** Voortoerkonsert met CH2	St Stithians Chapel
Dinsdag - Dinsdag	26 Junie *tot* 3 Julie	**Koortoer** na die Grahamstad Nasionale Kunstefees	

DERDE KWARTAAL

Dinsdag	17 Julie	Kooroefening	Ouditorium
Dinsdag	24 Julie	Kooroefening	Ouditorium
Vrydag	27 Julie	**ATKV Applous Finaal**	Stellenbosch
Dinsdag	31 Julie	Koorafsluiting	

Indien daar enige navrae of probleme is, neem asseblief die vrymoedigheid om met Norman te skakel by 083 444 7818 of normanburger@gmail.com.

Vriendelike groete.

E DU TOIT : Koorvoog P BOOYSEN : Hoof